CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXII NOMMER 13 30 SEPTEMBER 1977

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

# KOSHUISE OOR KOS



*Stuk vleis wat aanleiding gegee tot die klagtes oor die kos.*
*Foto: Jaco Pretorius.*

**'n Mislukte eetstaking deur Hombré vroeër dié maand, onsuiwerhede in die kos en klagtes oor swak bediening van die kos het gelei tot 'n ondersoek deur Die Wapad oor die gehalte van die kos.**

Een of twee persone uit elke eetsaal is genader om kommentaar te lewer oor die klagtes wat ontvang is. Die mening van die ondervraagde persone van die Sentrale eetsaal is dat die kos nie bevredigend is.

Klawerhof se mense is van mening dat die kos in hulle eetsaal baie lekker is. Die ondervraagdes van Voorhuis-eetsaal meen dat die kos redelik is. Volgens die persone van Klooster en Hombré wat genader is, is daar beslis rede om te kla oor die gehalte van die kos in hulle eetsale.

Mnr. M.P. Fick, hoof van Koshuisadministrasie, het in 'n onderhoud met Die Wapad gesê dat die hoeveelheid kos nie sal vermeerder nie. Die gehalte van die kos is van die beste, sê mnr. Fick. Elke sjef het beheer oor drie eetsale en dit is moeilik om streng kontrole uit te oefen. Daar sal egter meer op die voorbereiding gelet word, sê hy.

Op 'n vraag oor die onsuiwerhede in die kos het mnr. Fick gesê dit was bloot 'n glips. Mnr. Fick het oor die moontlikheid van 'n koeponstelsel gesê dat dit nie in die nabye toekoms gerealiseer sal word nie.

Die WNNR is reeds besig met navorsing oor multi-bevriesing. Die Puk beskik in elk geval nie oor die nodige toerusting – mikrogolfoonde – nie. Hy sê nog 'n nadeel van die koeponstelsel is dat die administrasie bang is dat die studente hulleself sal laat skade ly in 'n poging om te spaar.

Mnr. Fick het terselfdertyd ook 'n beroep op studente gedoen om te bespaar in die koshuise. Hoe minder die breekskades is en hoe meer spaarsaam met water en ligte gewerk word, hoe laer sal die kostes bly.

Volgens mnr. Fick is eetstakings nie die regte manier om oor die kos te kla nie. Hy voel dat die studente die regte kanale moet gebruik. Indien dit verstop is, moet hulle na die rektor toe gaan.

Volgens 'n nuusbrief uitgereik na 'n vergadering van die senaat op 31 Augustus en van die universiteitsraad op 14 September 1977 sal klasgelde en koshuisgeld nie verhoog word nie.



*VOORHUIS*
*Antonia de Waardt*
*Eet lekker behalwe af en toe.*



*LETTIE DUP EETSAAL*
*Noelene Gaun*
*Beter voorbereiding.*



*SENTRAAL*
*Danie Meyer*
*Kos is . . .*



*SENTRAAL*
*Magdel Swanepoel*
*Beroerd . . . skoner opsekp en beter voorbereiding.*



*KLAWERHOF EETSAAL*
*Linda Du Preez*
*Baie lekker*



*KLOOSTER*
*Lambert Smith*
*Wens hulle wil asseblief aandag gee aan die spyskaartlyste wat verlede jaar ingevul is. Kos is uiters swak, mens kan van brood alleen nie leef nie.*

## Baarde, Boks en Toutrek op Fees

**Die fees der feeste – KAMPUSFEES – vind op Maandag, 3 Oktober plaas. Al wat Puk is, behoort die geleentheid by te woon. Vir oulaas voor die eksamen sal daar ontspan en fees gevier word.**

Die hele fees vind by die vleisbraai-terrein op die Fanie du Toit plaas. Die hoogs interessante program neem om 15h15 in aanvang en lyk baie belowend.

PROGRAM

- 15h15 – alle toutrekkers kom bymekaar
- 15h30 – toutrek (mans en dameskoshuise)
- 16h16 – alle boksers kom bymekaar
- 16h30 – boks (slegs boksers met geen vorige boksondervinding mag deelneem. Punte sal ook vir oorspronklikheid toegeken word.)
- 17h15 – PUKKIES en die vrystelling van die BESEMBOS
- 17h45 – baardkompetisie om mnr. Puk-baard aan te wys.
- 18h00 – finale rondte van die toutrek
- 18h16 – prysoorhandiging
- 18h30 – bier en braai

Groot pryse vir mans en dames word aangebied. Die dames sal iets kry wat hulle sal laat sweet, en die manne sal hulle dors met die prys kan les. Die mans toutrekspan wat wen kry 'n kas bier, terwyl mnr. Puk-baard ook 'n groot prys sal kry.

Vir die dames wat te skaam, en die mans wat te arm was om iemand vir 'n koshuisdinee te vra, is daar nou die geleentheid om saam vleis te braai. Die dameskoshuise het die voorreg gehad om te skiet, en die indeling by die braaivleisplekke is as volg:

Wag-'n-bietjie en Hombré
Vergeet-my-nie en Caput
Kasteel en Klooster
Wanda, Makouvlei en Uitspan
Heide en Over de Voor
Karlien, Liberalia en Baillie Park
Klawerhof, Dorp Villagers en Heimat
Kulu, Soetdorings, Dorpdames, Thaba, Jäh en Majuba.

KAMPUSFEES is 'n fees wat almal kan bywoon. Dit gaan voorwaar 'n groot fees wees.

# PUK KRY DEBUTANTE

**Ons noem hulle kapitaalskatjies, maar hulle is in werklikheid debutante en hulle gaan soos debutante behandel word.**

(Uit die boonste rakke.) Dit is die eerste keer in 'n baie lang tyd dat die PUK debutante tydens Karnaval gaan hê. Omdat dit 'n nuwe idee op die PUK is, is die dames miskien bietjie skrikkerig om 'n kapitaalskatjie te word.

Daar is beslis niks om voor bang te wees nie. Al wat jy gaan doen is om geld in te samel vir karnaval. Jy sal ook nie jou pogings alleen aanpak nie, die karnavalkomitee sal die hele tyd agter jou staan. As jy probleme het of iets groot aanpak, sal jy hulp hê.

Hierdie dames gaan gedurende die Desembervakansie groot steun van die karnavalkomitee kry omdat die prestige van karnaval om ons Kapitaalskatjie gaan draai.

Die eerste prys vir die dame wat die meeste geld insamel is 'n splinternuwe Renault 5, tweedeprys 'n Europese toer vir twee plus R500 sakgeld en die derde prys 'n weeklange kusvakansie.

Dames wat nog belangstel kan môre-oggend 10 uur by die SSR-kantoor kom aansoek doen.

'N VAKANSIE VIR TWEE BY 'N SPOGHOTEL. . . SAAM MET 'N
DRAAGBARE T.V.-STEL
BY ONS GEKOOP VIR SLEGS
R199,00




ALLI'S
DISKONTOHUIS
WINKEL 29 – TEL. 3810 – POTCHEFSTROOM
INDIËR-SENTRUM

# LETTRE ENGAGÉ

**'n Baie interessante lesing is deur Stephen Gray, bekende digter, prosaïs, letterkundige kritikus en ook dramaturg, op 21 September, tydens 'n vergadering van die Taal- en Letterevereniging gehou. Hy het gepraat oor literatuur engagé of te wel betrokkenheid by die literatuur.**

Mnr. Gray het hom veral toegespits op die swartman se digkuns en verwys na die volgende voorbeelde: in Sipho Sepamla se gedig, *The Will*, is daar 'n trek van ironie en bitterheid te bespeur. Die eerste wat 'n ouer gewoonlik aan sy kind in sy testament nalaat, is sy huis. In sy geval kan dit egter nie plaasvind nie. Die swartman sal as erflating sy één Bybel aan al sy kinders moet nalaat. Die simboliek hieragter is dat die godsdiens, gepaardgaande met bitterheid en ironie, verskeur word en verlore gaan.

Mnr. Gray verwys ook na *Somebody is dead* van Dumakude. In die gedig skep die digter die idee dat hy onverskillig staan, maar in werklikheid beklemtoon hy juis só sy betrokkenheid.

Gray het wel uit simpatieke oogpunt na die swart opkomende digters se gedigte verwys, maar daar was nie sprake daarvan dat hy doelbewuste propaganda gemaak het vir die swartman se poësie nie. Eerder het hy die gehoor gelei om hierdie digters se werk beter te verstaan. Hy het in sy lesing veral aan die sterk ironiese neiging in die poësie aandag gegee.

'n Interessante geval is deur hom genoem, nl. dié van mnr. Ndlovu, 'n jong swart digter. Hy is op die oomblik nie bereid om sy gedigte te publiseer nie, maar is bekend vir sy voorlesings in Soweto by Shakespeare House en Diakonia House. Hy sê: "Reading poetry is for the people. It gives them a message to take home." Dit kom duidelik na vore in die skryfwyse van die swart skrywers dat hulle meer begin waag op die gebied van die politiek.

Hy noem ook dat mnr. Credo Matura, bekende swart skrywer, onlangs op Wits gesê het dat die linkses op Wits nie Suid-Afrika sal kan red nie en dat wit en swart 'n wedersydse verstandhouding moet vind.

Gray is 'n goeie spreker wat die aandag van 'n klein gehoor gehou het. Die hoogtepunt van die aand was toe 'n Engelse dosent van RAU *Somebody is dead* voorgedra het, terwyl hy tromgeluide met sy vingers gemaak het.



*Mnr. Stephen Gray, Engelse dosent van RAU.*
*Foto: Jaco Pretorius*

## Betrekking

**ASPU-SEKRETARIS**

Na aanleiding van samesprekings met Perskor en F.A.K. word aansoeke hiermee ingewag vir die pos van permanente sekretaris vir die Afrikaanse Studente Persunie (ASPU). Die persoon sal verantwoordelik wees vir sekretariële werk by ASPU, help met die Publikasie van die **Afrikaanse Student**, behulpsaam wees met fondsinsameling en ook optree as perssekretaris van die ASB – 'n baie gevarieerde en uitdagende werk.

Applikante moet by aanvang van die werk ten minste oor 'n B-graad beskik en ondervinding in die joernalistiek hê, veral die studentejoernalistiek is 'n baie sterk aanbeveling.

Die salaris van die persoon beloop R6 000 per jaar en word deur Perskor betaal. Die pos word deur die FAK geadministreer, die persoon kom ook in aanmerking vir FAK-byvoordele.

Daar sal van die suksesvolle applikant verwag word om op 1 Januarie diens in Johannesburg te aanvaar.

Aansoeke vergesel van alle relevante inligting moet die ASB-hoofkantoor nie later as 30 Oktober bereik nie.

Aansoeke en navrae moet gerig word aan:

**Die Hoof Sekretaris**
**ASB**
**Posbus 1711**
**JOHANNESBURG**
**2000.**

## LEIERSKORPS VERGADER

**Al die studenteleiers van die PUK het op 20 September 'n vergadering saam met die studenteraad gehou. Die doel van die vergadering was om die studentekorps in die nuwe termyn te bereik.**

Mnr Bekker van die Departement Ontwikkeling het beter koördinasie na buite bepleit. Dié departement het ook 'n datumburo gestig en studente is uitgenooi om daarvan gebruik te maak, aangesien dit net tot hulle voordeel kan strek.

Prof. Carools Reynecke wat die rektor verteenwoordig het, het gesê dat ons nie kan ontkom van die waterskeiding nie. Ons moet besef dat ons nie 'n hoërskool is nie, maar 'n universiteit. Ons sal ons akademies goed moet verantwoord, want baie mense sien op na ons universiteit. Prof. Reynecke het ook gesê dat ons 'n unieke universiteit is: nêrens in die wêreld het 'n universiteit die vrymoedigheid om die Eerste Minister as die president van iets soos Tarentaal te kies nie. Die PUKKE het dit wel gedoen.

Die kleredrag op die PUK het ook onder die soeklig gekom. Prof. Van den Berg het die studente hieroor toegespreek. Volgens hom is die voorkoms van ons studente uniek, selfs al is die kleredragreëls effens verslap. Denim mag wel op die PUK gedra word, maar dan mag dit nie verbleik wees nie en moet dit 'n soom hê. Prof. Van den Berg het verder gesê dat, indien hierdie reël nie behoorlik nagekom word nie, dit herroep sal word. Die voorsitter van die vergadering het daarop gewys dat veral die dames wat te klein klere dra, moet besef dat dit heeltemal teen die reëls is.

Van die studenteraad se kant is gevra dat daar van die sentrale datumlys gebruik gemaak moet word sodat belangrike aksies nie bots nie.

Die vergadering het die minimum tyd van die studente geneem en daar sal voortaan gepoog word om dit 'n gereelde instelling te maak.

## Geld uitstaande

PERSONE wat nog nie hulle rekenings vir die Mary Rose Dull se kunswerke vereffen het nie, moet dit asseblief so gou as moontlik by kamer 318 in die biblioteek gaan vereffen.

## PUK OP TV

Die SAUK gaan vroeg volgende jaar televisie-opnames op die Puk kom maak. Alle PUKKE het dan geleentheid om op televisie te verskyn. Volledige besonderhede sal in die eerste Wapad van volgende jaar verskyn.


PRO-REGE

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK
„die Potchefstroomse boekhandel"
Tomstraat 86 – – Potchefstroom
Tel. 8875



DIE BLOU WINKEL

WINKEL 56, NUWE SAKESENTRUM
TEL 6364 en 21861

PAS ONTVANG!

Uitstekende nuwe reeks in Mans en Dames Klere

Ons is nog steeds die toonaangewende leiers in modes

UITGEBREIDE VOORRAADREEKS NOU BESKIKBAAR

*BEKENDE HANDELSMERKE TEEN LAAGSTE PRYSE*




*Mariëtta Kruger hou hier die beker vas wat sy gewen het (Foto: Jaco Pretorius)*

# PUK-MEISIE WEN BEKER

deur Leana van der Linde

**Menige meisie op die kampus kan by Mariëtta Kruger gaan kers opsteek. Hierdie vriendelike tweedejaar B.A.-student het onlangs tydens die A.T.K.B. se redenaarskompetisie eerste geëindig en met 'n blink beker na die kampus teruggekeer.**

Die kompetisie was slegs vir Afrikaanse Universiteite en Kolleges wat elk vier deelnemers kon inskryf. Van die 24 sprekers was slegs 4 meisies. Die P.U. vir C.H.O. is deur Mariëtta, Kobus Fourie, Susan Aucamp en Sarel Jordaan verteenwoordig.

Die kompetisie is begin met 'n toespraak deur 'n manspersoon, waaruit elke spreker dan iets wat aktueel is moes haal. Daarna het onvoorbereide toesprake van drie minute elk gevolg. Mariëtta het die onderwerp sport getrek. Hierdie toespraak was net soos die voorafgaande, baie politiek gerig. Sy het egter sportbeelde toegepas op die psige.

Die hooftoesprake, weer eens politiek, het na middagete begin. Lootjies is getrek vir sitplekke en die vier Pukke het nie naby mekaar gesit nie. Mariëtta het die kwessie van die swartman in stedelike gebied bespreek. Aangesien die A.T.K.B. Afrikaans en nasionaal gerig is, moes die sprekers baie versigtig wees om nie partypolitiek in hul toesprake te bring nie. Elke toespraak moes tien minute lank wees.

Mariëtta voel dat 'n mens jou standpunt baie beter kan bewys wanneer die kompetisie die vorm van 'n debat aanneem. Deur vrae te beantwoord kan op foute verbeter word. In die geval van hierdie kompetisie was daar nie 'n tweede kans indien die spreker foute maak of oor woorde struikel nie.

Goeie taktiek en indruk speel soms 'n groter rol as feite. Alhoewel die beoordelaars na taalgebruik, inhoud en feite oplet, kan jou optrede baie meer indruk maak. Die mense raak baie maklik opgesweep.

Met die vorige inter-universitêre kompetisie het sy gevind dat die Engelssprekende studente baie meer liberaal is as die Afrikaanssprekendes. 'n Soort moderne konserwatiewe houding is deur die Afrikaanse studente ingeneem – miskien ook om die aandag op hulle te vestig.

Mariëtta tree al sedert haar Hoërskooldae op as redenaar. Sy het die P.U. vir C.H.O. die afgelope twee jaar verteenwoordig, en op die A.T.K.B. se kompetisies tweede en derde geëindig.

# SSR-BESLUITE

**Dit is nie wenslik dat georganiseerde sportbeoefening op 'n Sondag plaasvind nie. Dit was die algemene gevoel tydens die S.R. vergadering van 12 September.**

Oefening wat ontaard in 'n georganiseerde groepoefenry moet liefs vermy word. Indien 'n sportman/vrou as individu deelneem aan byeenkomste en nie as 'n PUK nie kan geen stappe teen so 'n persoon gedoen word nie.

Die prysenswaardige gedrag van die tennisspan, tydens hul toernooi in Durban, om nie op 'n Sondag deel te neem nie, dien vir almal as voorbeeld.

**Plakkate**

Op die kampus is oral plakkate wat aksies adverteer wat reeds 'n geruime tyd verby is. Alle plakkate wat in die toekoms op die kampus gaan verskyn, gaan aan plakkaatbeheer onderworpe wees. 'n Beroep word op studente gedoen om plakkate netjies aan die kennisgewingborde vas te sit en dit te verwyder sodra die aksie verby is.

**T-Hemde**

Met die oog op identifikasie sal alle T-hemde van studente organisasies die naam van die Universiteit in een van sy erkende vorme op die hemp moet hê. 'n Organisasie of vereniging wat T-hemde beoog moet dit eers aan die S.R. voorlê vir goedkeuring.

**HYPERMARK PRYSE**



Pioneer Motor Radio R29,95
Pioneer Motor Radio met Motor 4 baan spelers vanaf R139,00



Blaupunkt Music Centre Hoëtrou Stel R359,00
Pioneer Rondo Hoëtrou Stel R479,00

NOU BY

TELADY

„HYPER STORE"

Gouwsstraat 7 - Tel. 5851 - Potchefstroom

# NOG STUDENTE VOORDELE

**Daar word reeds verskeie jare aan studente-voordele gewerk. Mnr. Steinman de Bruyn, wat die portefeulje vir studentediens beklee, is veral met dié taak gemoeid.**

**DIENSKAART**

Mnr. de Bruyn het in 'n onderhoud met die Wapad gesê dat die studente-diensboekie nie voor die einde van die jaar beskikbaar sal wees nie. Hy probeer egter om vroeg in 1978 'n dienskaart met die nodige inligting gereed te hê. Daar is vroeër berig dat die studentediensboekie twintig sent sal kos. Die prys van die kaart of boekie is volgens mnr. de Bruyn nog nie finaal bepaal nie.

**MEDIESE DIENSTE**

Die owerheid het dit in beginsel goedgekeur dat 'n kampusgeneesheer wat vir alle voltyds-ingeskrewe studente beskikbaar sal wees, aangestel word. Ook die SSR het dié voorstel in beginsel entoesiasties aanvaar. Dit is na die universiteitsraad verwys.

Daar word nog baie oor die finansiële aspek gespekuleer. Dit is nog onseker op watter wyse die geldelike bydrae van die studente gevra sal word. Die spesifieke bedrag wat studente sal moet betaal, kan nog nie presies bepaal word nie. Daar word beoog om dit nie hoër as tien rand te maak nie. Kostes vir 'n spreekkamer, instrumente en noodmiddels moet egter gedek word en daar kan dus op dié oomblik net oor die presiese prys gespekuleer word. Op die Universiteit van die OVS kos so 'n diens tans nege rand. Studente sal medisyne self moet koop.

**Besighede**

Indien studente probleme ondervind by die motorhawens wat afslag gee, moet hulle die saak net aan die besturende personeel van die spesifieke motorhawe stel. In die onderhoud het mnr. de Bruyn gevra dat studente daarop moet let dat hulle 'n kontantstrokie ontvang wanneer hulle petrol ingooi, al sou hulle nie in 'n gratis motorwas en politoer belangstel nie. Harold's het onderneem om 'n drie-kwart sent op elke liter petrol wat deur studente ingegooi word, op 'n trustfonds in te betaal. Die petrolstrokie moet as bewys dien vir die hoeveelheid petrol wat ingegooi is.

Sportwinkels en klerewinkels sal ook afslag op hulle ware gee. Huis en Tuindroogskoonma-kers sal 'n afslag van 30% gee. Om 'n langbroek te laat droogskoonmaak, kos gewoonlik 75c. By Huis en Tuin sal dit net 58c kos.

Die moontlikheid van 'n eie boekwinkel op die kampus word ook deur die SSR ondersoek.

**WERKVERSKAFFINGS-BURO**

'n Werkverskaffingsburo wat met die Departement Ontwikkeling sal saamwerk, sal in die lewe geroep word. Die taak van die buro sal wees om verskeie instansies te nader i.v.m. vakansiewerk. Die werksgeleenthede sal op 'n sentrale register aangehou word, waar studente op aansoek die nodige inligting kan bekom.

Daar is verskeie departemente wat belangrike en VERTROULIKE dienste lewer. "Hieroor is baie studente baie oningelig", sê mnr. de Bruyn, "maar dit sal duidelik uiteengesit word in 'n inligtingstuk wat aan die begin van volgende jaar uitgegee sal word."

**VOORSTELLE**

Studente kan voorstelle i.v.m. ander dienste aan mnr. de Bruyn by die SSR-kantoor pos. Ook opbouende kritiek en ander behoeftes kan aan hom gestel word.

# Tugkomitee op dreef

**Die tugkomitee vir 1977/78 het sy amptelike pligte hervat en is weer goed op dreef.**

Die doel van die komitee is om enige optrede wat die naam van die Universiteit en/of die grondslag kan skaad of in die verleentheid kan stel, tot verantwoording te roep en, indien nodig, tug toe te pas op die betrokke persoon.

**Regsverteenwoordiging**

Enige beskuldigde wat voor die komitee verskyn kan aanspraak maak op regsverteenwoordiging om hom/haar by te staan tydens die verhoor.

**Strawwe**

Die komitee is bevoeg om die volgende strawwe toe te pas volgens Artikel 9.2.1 van die huishoudelike reglement van die SSR.

- 'n Kontantboete van hoogstens R100 kan opgelê word. In geval van wanbetaling van sodanige boete word die saak na die Raad se dissiplinêre komitee vir studente verwys.
- In geval van 'n klagte van saakbeskadiging kan skuldiges naas 'n gepaste straftoemeting ook 'n vergoedende boete ten gunste van die benadeelde persoon opgelê word.
- Kleure van enige persoon kan tydelik of permanent weggeneem word sonder dat vergoeding aan so 'n persoon verskuldig is.
- Tydelike of permanente skorsing uit sekere studenteliggame of die hele georganiseerde studentelewe kan op die skuldige van toepassing gemaak word.

Enige persoon is geregtig om na skuldigbevinding te appeleer na die Raad se dissiplinêre komitee vir studente.

# Fratsdiëte – Vriend of Vyand

**Dit is lente, dit is swottyd en watter beter manier is daar as om met jou swemklere in die son te lê en . . . nouja, swot. Ongelukkig word hedendaagse swempakke nie ontwerp om vetrolletjies weg te steek nie en eensklaps word die hele winter se koeksetties (met die nodige eetgoed daarby) en die „jellie-tots" waarmee vervelige lesings verbygekou is, ontbloot. Met desperaatheid word na die naaste fratsdieet („crash diet") gegryp – en watter keuse is daar nie te make nie. Pasop, op hulle beste mislei hierdie kitsdiëte jou net, op hulle ergste kan dit jou gesondheid knou.**

Mense met massa probleme vergeet alte dikwels dat dit hulle 'n winter of langer van pligsgetroue ooretery geneem het om die oortollige massa te verwerf en tog wil hulle in 'n paar dae daarvan ontslae raak. By 'n keuse van 'n dieet kan die volgende as goue reël onthou word: Geen voedsels besit enige spesiale vermoë om die tempo van massaverlies te versnel nie.

Die enigste wyse waarop massa verloor kan word is om minder kalorieë in te neem as wat verbruik word.

Die enigste wyse waarop kalorieë „verbruik" kan word, is deur middel van hitteproduksie, uitskeidings, asem, asoo metaboliese en meganiese arbeid. Geen dieet kan effektief wees vir die verlies van massa as dit nie voorsiening maak vir 'n verminderde Kalorie-inname en 'n verhoogde Kalorieverbruik nie. Tog veroorsaak fratsdiëte massaverlies. Die vraag ontstaan dus: Hoe is dit moontlik, hoe permanent is dit en is daar enige nadelige gevolge van sulke diëte? Kom ons kyk na enkele van die mees bekende fratsdiëte:

1. **Vrugtediëte**

**Piesang en melkdieet:** Die dieet skryf gewoonlik 3 piesangs en 3 glase melk per dag voor – 'n totale Kalorie-inname van slegs 500 Kalorieë. 'n Normale dame van 18/22 jaar benodig ongeveer 2000 Kalorieë per dag (oftewel 8 800 kjoules) en 'n man van dieselfde ouderdom 3000. Met so 'n lae Kalorie-inname word die liggaam gedwing om sy eie vet te gebruik en dit sal massaverlies veroorsaak. Hierdie dieet en talle ander soortgelykes gaan egter mank aan noodsaaklike aminosure, vitamiene en mineraalsoute en kan aanleiding gee tot wanvoeding.

**Pomelodieet:** Daar is geen waarheid daarin dat pomelo's in staat is om oortollige liggaamsvet vinniger te laat „verbrand" nie. Pomelo's is sitrusvrugte met 'n relatief lae suikerinhoud en bevat derhalwe minder Kalorieë as bv. lemoene en nartjies – dit is al verslankende eienskappe wat pomelo's besit.

2. **Proteïendiëte**

Hierdie tipe dieet is meer as 'n eeu gelede reeds in Engeland beskryf en is potensieel veel meer gevaarlik as die vrugte-diëte. Die dieet berus op die onbeperkte inname van proteïene en vette en die eliminering van koolhidrate (suikers en stysel). Volgens die voorstanders van die diëte sal dit die metabolisme patroon in die liggaam verander sodat heelwat Kalorieë in die vorm van ketone deur die niere uitgeskei word. Hierdeur kan 'n hele paar kilogram per week afgeskud word.

**Feite en gevare.** Die volgende feite gee heelwat stof tot nadenke. Dit is waar dat heelwat meer ketone onder hierdie omstandighede uitgeskei word – gewoonlik tot ongeveer 10 g per dag met 'n absolute maksimum van 20 g per dag. Die Kaloriewaarde hiervan is 4,5 Kalorieë per g. ketone met ander woorde 100 kalorieë per dag word so verloor. Om 1kg massa te verloor moet 7700 Kalorieë verbruik word dit wil sê 2½ maande se proteïendieet. Die dieet bevorder egter water- en natrium verlies deur die niere en hierdie dehidrasie is verantwoordelik vir die vinnige **tydelike** verlies van massa. Hou op met die dieet en na 'n dag of wat is die massa terug op die ou vlak.

a) 'n Toename in bloedlipiedes soos cholesterol en trigliseriedes wat weer 'n versnelling van aterosklerose en dus moontlike trombose tot gevolg mag hê by langdurige gebruik van die dieet.
b) 'n Swaar las word op die niere geplaas en permanente nierskade kan opgedoen word.
c) Verhoging van die uriensuurkonsentrasie van die bloed mag jig tot gevolg hê.
d) Gebrekkige energie en lusteloosheid mag ondervind word.

3. **Verslankingspille**

Die hele Universiteit was in 1973 baie geskok toe een van ons damesstudente dood is nadat sy verslankingspille en wakkerblypille tydens die eksamen gebruik het. Pille is 'n baie gevaarlike wyse van verslanking en moet slegs op doktersvoorskrif gebruik word. Daar is baie verskillende soorte verslankingsmiddels. Op 'n stadium is lintwurmeiers selfs in pilvorm aan mense gegee – dit het ook verslanking tot gevolg gehad.

a) **Kalmeermiddels:** Dit verlig spanning wat een van die redes vir ooreet is. Dit verwyder egter nie die rede vir spanning nie en is dus nie 'n permanente oplossing nie.

b) **Stimuleermiddels.** Dit is opwekkend en troos hoef dus nie in kos gesoek te word nie. Dit onderdruk eetlus en by langdurige gebruik kan die onderdrukking permanent word.

c) **Waterafdrywende middels:** Hierdie soort verslanking is misleidend en gevaarlik. Waterbalans is noodsaaklik vir die liggaam se normale funksionering. Word gebruik van hierdie middels gestaak sal die liggaamsmassa spoedig na normaal terugkeer.

d) **Hormoonpreparate.** Onoordeelkundige gebruik van hormone is uiters onverantwoordelik. Tiroïedhormone word dikwels vir die doel van verslanking gebruik. Dit verhoog die metabolismetempo van die liggaam en meer energie word vrygestel – meeste daarvan gaan as hitte verlore. Dit plaas o.a. 'n swaar las op die hart wat sal lei tot hipertrofie (vergroting) en dit kan tot permanente hartskadelei.

e) **Eetlusonderdrukkers:** Hierdie pille is gewoonlik amfetamiene en die gevaar van verslawing bestaan hier.

**Oplossing**

Vir normale, gesonde mense is daar net een korrekte wyse van verslanking: a) Beperk die hoeveelheid voedsel maar eet altyd gebalanseerd om al die noodsaaklike voedingstowwe te bekom. b) Raak meer aktief – neem aktief aan sport deel, jy, jou koshuis en die PUK sal almal daarby baat.

c) As jou massa op die gewensde vlak is, hou dit daar deur Kalorie-inname en Kalorieverbruik te balanseer. Daar is geen kitsmanier om massa op verantwoordelike wyse te verloor nie – daar is wel kitsmaniere om jou gesondheid permanent skade aan te doen.


## *KOHINOOR JEWELRY & CRIMP CENTRE*

***INDIËR WINKELSENTRUM NO 58***

Nuwe voorraad pas verkry

**ENIGE MATERIAAL TEEN LAAGSTE PRYSE**

CRIMPLENE @ **99c** per meter
POLIËSTER KATOEN @ **99c** per meter
HANDDOEKSTOF was **R4-99** per meter
nou **R1-49** per meter
TRI-LOROLA @ **99c** per meter

**JUWELE TEEN WEGGEE PRYSE!!**

**SPESIAAL – SLEGS VIR EEN WEEK!**
Van vandag af is alle juweelartikels in ons vertoonvensters slegs **50** sent stuk

**HORLOSIES TEEN BELAGLIKE PRYSE!**
***KOM KYK GERUS!***

**ONS MAAK OOK GAATJIES VIR OORRINGETJIES**


# ONS NUWE DAME OP DIE SSR

**Mej. Helena Stoker wat vir die komende termyn die dame op die SR sal wees, sê sy besef dat s hierdie jaar baie hard sal werk, maar dat sy juis soveel meer sal leer.**

Mej. Stoker, 'n M.Sc-student in Fisika, se aktiwiteite in o.a. die Fisika-vereniging, by die ASB-kongres, as HK-lid, in Vergeet-my-nie het haar gevorm en geskool vir die SR. Sy het basiese kennis in leierskap opgedoen, veral om in 'n groep te praat en om ook leiding in gemengde groepe te neem.

Sy het haar geroepe gevoel om, as sy inkom, studentediens te lewer.

Haar vereistes vir 'n dame op die SR is ten eerste betrokkenheid by die studentelewe. Helena sê die bybring van studente-aksies behoort nie veeleisend te wees nie, omdat die studentetyd die lekkerste deel van jou lewe is. Jy moet dus dit wat jyself daarvan maak, geniet. Sy sê ook uitdruklik dat dit nie nodig is vir 'n vrou op die SR om militant en ge-emansipeerd te wees nie. Die dame hoef nie terug te staan vir die mans nie en het as vrou 'n unieke bydrae. Mans en dames op dié SR moet saam- en nie kompeterend werk nie. Sy sê jy kan jouself net handhaaf deur jouself te wees en die SR-mans as mans te behandel.

Met betrekking tot modulekursusse en semestereksamens sê Helena dat die idee eers by die studente inslag moet vind. Húlle moet eers besef wat dit behels voordat die dosente bv. via die akademiese verenigings genader word. Dit moet dus, net soos die nuwe kleredragreëls, uit studentegeledere kom.

Haar portefeulje op die SR is opleiding. Vroeg volgende jaar is daar reeds die SR-HK-kamp, waarby die rade betrek gaan word, sodat ook húlle opleiding kan ontvang in dit waarvoor hulle bestem is. Eerstejaars sal opleiding ontvang tydens Aktueelkampe. Hulle kan verder opgelei word deur meer opgeneem te word. Haar siening van die sg. tweedejaarsprobleem is dat di tweedejaars te onbetrokke is maar dat dit moontli verhelp kan word deur by tweedejaarskampe.

Helena meen dit gaan 'n baie belangrike en bepalend jaar vir Aster wees. As Aste nie hierdie jaar funksionee nie, lyk die toekoms maa duister.

Sy sou graag wou sien da die dames meer vertroue i hul eie geslag sal verkry, om dat dames nie noodwendi slegter as mans moet wee nie.

# TJORREL-GOEDJIES

**Die komende vakansie is weer die tyd vir toere, kampe en feest en by sulke dinge is saamsing mos aan die orde van die dag. V so 'n singery is die nuwe Tjorrelgoedjies onmisbaar.**

Die Tjorrelgoedjies (hersiene Gorrelgoedjies) wat pas verskyn het, is regtig die moeite werd om aan te skaf. Dink net aan die lekker gees as elke toerlid elke liedjie kan saamsing.

Studente word aangeraai om sommer vanjaar nog hulle Tjorrelgoedjies te koop, aangesien die eerste jaars in Februarie gou va die voorraad skoonskip s maak.

Tjorrelgoedjie is te R1,50 by die SR-kanto beskikbaar en vir 40 gewilde liedjies, is dit bes die prys werd.

# PUK-SATELLIET GAAN VOORUIT

**So teen die einde van die jaar en in die laaste uitgawe van die WAPAD, wil die Rivierpukke darem net melding maak van die nog-steeds-werkverskaffendes langs die rivierfront.**

Personeelnuus is dat Elza de Wet, sekretaresse by die Tak en Springbokkorfbalspeelster, vanjaar vir die tiende keer as kapteine van die Vaalprovinsiespan herkies is en dat mnr. Daan Gouws, dosent in Rekeningkunde, gekies is vir die Vaalprovinsie Muurbalspan.

Intussen gaan dit sommer voor die wind met die Toerklub. Onder aanvoering van Chris Meyer en Koos Pretorius het die groepie glo die byle laat huil met hulle onlangse besoek aan die Jim Fouché vakansie-oord. Die Toerklub het alreeds tente, rugsakke en alle kampgerei denkbaar aangekoop en beoog groot dinge vir 1978.

Kyk mens na die inligtingstukke van die PUK, dan sien jy dat oom Piet Malan en sy span spog met 26 sportsoorte wat op die PUK aangebied word. Nee, oom Piet, plaas maar twee by. Laat ons maar so bietjie spog en sê: dié twee sportsoorte hier plaaslik, kan ons studentemaats in Potchefstroom nie beoefen nie.

Die een is kegelspel (tenpin bowling). Hier is alreeds 'n spannetjie wat hard oefen om volgende jaar aan die Vaalprovinsiekampioenskappe deel te neem. Die ander sportsoort is roei, nie soos met 'n Volkswagen se ratte nie, maar roei soos ons dit ken as die Oxford en Cambridge universiteite aan mekaar spring. Daar word beoog om volgende jaar op groot skaal deel te neem.

Intussen is die VSK (Verteenwoordigende Studentekomitee) besig om hulle voor te berei vir die groot ontvangs van eerstejaars in 1978. Ongeveer 120 eerstejaars (voltyds) en 600 na-uurse studente word volgende jaar verwag. Voeg daarby vanjaar se eerstejaars, dan kan die studentetal al in die omgewing van 800 styg.

Koos Pretorius, Karnavalvoorsitter vir 1978 is ook baie bedrywig en van plan om volgende jaar duisende in te samel. Karnaval begin volgende jaar op 'n Vrydagmiddag in Meyerton. Die Saterdag word gereserveer vir Vereeniging, Vanderbijlpark en Sasolburg.

Ook nie aldag dat Karnaval in 4 dorpe gehou word nie! Maar nouja, soos ou Koos dit uitdruk, "Ons doen dit sommer so in die 'stride' ".

Die Rivierpukke wens al hulle kollegas op die hoofkampus sterkte toe vir die naderkomende eksamen. En dan, vir die hoeveelste maal, aan enigeen wat wil, kom julle nie bietjie vir ons kuier nie?

## Kamerbesoeke in heroorweging

**Deur ons Inter-universitêre Redakteur**

**Die gebrek aan privaat sitkamergeriewe skep 'n onbevredigende situasie volgens mnr. Anton van Niekerk, voorsitter van die primariae/ii-komitee van Maties.**

Volgens 'n opname wat gemaak is, is daar slegs een sitkamer vir elke 136 mans en een vir elke 47 dames. As al die slepende paartjies op een aand besluit om te gelyke tyd die sitkamer te gebruik, sal daar beswaarlik genoeg plek vir 'n muis wees.

Die moontlikheid vir uitbreiding lyk nie baie rooskleurig nie. Vertoë om die sitkamers in kleiner kompartemente te verdeel, het tot dusver misluk, berig die Matie - die studenteblad van die Universiteit van Stellenbosch.

Die groot persentasie juniors, sowat 60%, wat derhalwe ook nie motors mag besit nie, is aangewese op koshuissitkamers om "privaat" te verkeer, lui die berig.

Die komitee het eenparig besluit om die reël wat mans en dames verbied om mekaar se kamers te enige tyd te besoek, in heroorweging te neem.

## ASB TOER WEER

**Die ASB bied weereens aan studente die geleentheid om teen 'n baie billike prys die hele Europa te besigtig. 'n Toer word aangebied vanaf 30 November tot 27 Desember, met Johan van der Spuy as toerleier.**

**TOERPLAN**

Die toer wat 29 dae sal duur en slegs R1 098,00 sal kos, sal onder andere by die volgende plekke aandoen: Athene, waar plekke soos die Akropolis besoek sal word; Istanboel, waar verskeie museums besoek sal word; Londen, waar die "West End" besoek sal word, asook die Britse Parlementsgebou, die Westminister Abbey en vele ander welbekende plekke. Parys, hier word talle plekke besigtig soos Rivoli, Vendome-plein, Notre Dame Katedraal en die Pantheon; Brussels; Amsterdam met sy Rembrandt-Huis, Munttoring en Ryksmuseum; Keulen; Heidelberg, die pragtige "Student Prince" dorp; München, Akademie van Kuns, Arc de Triomf en die anderse Duitse Museum; Kirchberg, waar geleentheid sal wees (om te ski); Venesië; Florence; Rome en terug na Jan Smuts.

**VERVOER EN VERBLYF**

Daar word met straalvliegtuie van die SAL, Alitalia, of ander IATA-vervoerders gereis. Die lugreisgeld is gegrond op 'n spesiale tarief. Busvervoer vir die uitstappies, sowel as die verskeie ingangsfooie is ingesluit.

Die toerprys sluit egter nie lughawebelasting, paspoorten visumgelde in nie. Koeldrank, koffie en ander drankies, wasgoed, telefoonoproepe en fooitjies sal ook uit die toerders se eie sakke moet kom.

**BESPREKING**

Besprekings kan gedoen word by die ASB-hoofkantoor. Tel: 31-4326 (Johannesburg). 'n Deposito van R100,00 per persoon is by bespreking betaalbaar. Finale betaling is voor 1 Oktober verskuldig.

## Steun aan Regering

**Deur ons Redakteur**

**Tydens die afgelope ASB-vergadering is 'n mosie ingedien deur mnr. Daan Mills van Tukkies wat steun verleen aan die nuwe grondwetlike bedeling van die Regering.**

Hy wens die Regering geluk met die inisiatief om 'n nuwe grondwetlike bedeling vir Blankes, Kleurlinge en Asiërs daar te stel.

Die Regering word versoek om baie duidelik uit te stippel wat hierdie bedeling gaan behels sodat die kiesers in staat sal wees om op 'n demokratiese wyse hulle standpunt te kan stel.

Hy doen 'n beroep op alle belanghebbendes om die nuwe bedeling positief en met goeie gesindheid te ontvang en te oorweeg tot voordeel van die Republiek. Die voorstel is algemeen aanvaar.

## Lentevreugde op ander Kampusse

**Deur ons Inter-universitêre Redakteur.**

**'n Baie geslaagde lentefees is op Woensdag 14 September op Tukkies gehou om die lente te verwelkom.**

Die fees is voorafgegaan met 'n gratis kaas en wyn geselligheid wat die voorspel tot die volgende dag se feestelikheid was.

Tydens die vreugdedag is alles en nog wat aangepak. Dit het gewissel van harde seweman rugby tot trompoppies kyk. Vir die Tukkies was dit een groot dag van pret en plesier.

Die jaarlikse lentedag van Tukkies is ook die herdenking van die Afrikaanswording van hulle universiteit.

**Raukies**

In Raukieland was dit ewe jolig daaraan toe met hulle verwelkoming van die lente. Hulle het tydens hulle fees 'n mnr. en mej. Lentefees aangewys.

Albei die kampusse het die koms van die lente met 'n dans afgesluit.

## Gaping oorbrug

**Deur ons Inter-universitêre Redakteur**

**Die verteenwoordigende studenteraad van Tuks het besluit om daadwerklike stappe te doen om die gaping wat tussen die studente en die VSR bestaan te oorbrug.**

Die VSR gaan in hulle dienstermyn twee massavergaderings hou. Die HK's en individue gaan ook periodiek uitgenooi word om studenteraadsvergaderings by te woon. Aksies waarby die maksimum studente betrek gaan word, word in die voorlopige uitsig gestel. Die eerste van die soort aksies is reeds aangebied tydens hulle lentefees.

Die VSR van Tuks het verder ook 'n nuwe portefeulje geskep om aan die behoefte te voorsien. Die portefeulje, interne skakeling, is daar gestel om die VSR aan die massa voor te stel en ook inligting wedersyds te laat vloei.

## Politika: 'N NUWE GESTALTE

**Steve Biko is dood! Suid-Afrika se Martin Luther King, sê die Amerikaners, is dood in 'n Suid-Afrikaanse tronk . . . Die Johannesburgse Kleurlingsbestuurskomitee neem eenparig 'n mosie aan: Ons veroordeel die hele bose stelsel van aanhouding sonder verhoor wat die oorsaak van die tragiese gebeurtenis is. Aan elke ondersteuner van die stelsel wil ons, ongeag wat die lykskouiing aan die oog sal bring, sê: "In die plek van elkeen wat vir Biko sterf, sal baie ander verrys." Rubriekskrywer Anthony Lewis skryf in die Times: "Hoe kan 'n volk so begaaf, so dapper, so diepsinnig in hul emosies soos die blanke Suid-Afrikaners in die wêreld hulself gemaak het tot 'n beeld vir doofheid, vir onmenslikheid?" Hy sê die "sin van verbystering . . . van pyn en hopeloosheid, word verdiep deur die nuus van Biko se dood." (Transvaler 16/9/77)**

Voel jy dit ook aan? Ruk dit jou nie ook nie? - die geweldige behoefte, as mens dag na dag dit duideliker sien - die groeiende onmin en beskudigings van onreg - om tog net as krities-radikaal Christelike studente te kan besin oor wat 'n Christen se politiese betrokkenheid behoort te wees? Die begeerte is nie net tot die PUK beperk nie, trouens ook nie tot Suid-Afrika nie. Engelssprekende kampusse beleef 'n bloeitydperk van politiese aktiwiteite; op bruin, swart en Indiër kampusse word ernstig gewerk aan dié soort besinning. In die V.S.A., Kanada, Switserland en Korea is Calvin College, I.C.S., L'Abri en ander instellings ewe begeesterd.

Met God se hulp en tot sy eer, het 'n aantal Politikastudiegroepies onlangs begin om vraagstukke soos "Terreinoorskryding deur die Staat", "Alternatiewe vir demokrasie" en "Volksverafgoding" te bestudeer. Terwyl hulle dan probeer losbreek van party-politiek, gooi die studente eweneens 'nog 'n tradisie in die water - die vergaderingsmetode! Hoekom 'n spreker se eie uitgedinkte oplossing gebruik as wegtrek punt vir 'n gesprek en van daar af terugwerk tot die "beginsels" wat tot sy gesprek gelei het. Dis tog onderstebo! Die gespreksgroepe probeer om by die beginsels te begin en dan geleidelik en sistematies deur die loop van die jaar tot 'n oplossing te kom.

Nouer kontak en wedersydse deurgee van menings met ander groepe in Suid-Afrika en in die buiteland (wat as Christene met dieselfde problematiek worstel) is 'n doestelling van die "nuwe" Politika.

Belangrikste egter - as die God wat hierdeur gedien word, nie self die dinamiek van dit alles is nie, is al die pogings tevergeefs. Daarom vra ons dat Sy seën sal wees oor die uitvoering van die ideale - dat ons hierdeur lof sal bring aan ons Koning.

Belangstellendes kan hulle name plaas in Bussie 75 by die SSR-kantoor.

die WAPAD

# KOSHUISKOS

**Klagtes oor swak kos het al verskeie kere gelei tot hewige dispute. Dit wil egter voorkom of die klagtes nie altyd geregverdig is nie. Ná die opname wat Die Wapad gedoen het, blyk dit dat daar 'n redelike balans is in menings oor die kos wat in die eetsale bedien word.**

**Hoewel baie mense ontevrede voel oor die standaard en hoeveeheid van die kos, moet hulle dit net in gedagte hou dat dit massavoorbereiding is. Dit is egter ook verblydend om te hoor dat losiesgeld beslis nie verhoog sal word nie. Die Wapad voel dat die PUKKE grondige klagtes oor kos mag opper. Ons voel egter dat dit deur die regte kanale gedoen behoort te word en nie deur eetstakings nie.**




# EKSAMEN

**Die jaar snel nou teen 'n geweldige tempo ten einde. Alles word finaal afgerond en afgesluit. So ook Die Wapad. Die redaksie wil dan by die geleentheid net dankie sê aan almal wat gehelp het met Die Wapad. Ons wil ook net aan almal sterkte toewens met die naderende eksamens.**

# KAMPUSFEES

**So by al die klagtes oor kos en eksamens is daar darem nog 'n ligpuntjie. Die kampusfees is vinnig op pad. Almal kan vir oulaas tydens die fees kom plesier maak voor die eksamen. Ons hoop dat alle PUKKE die geleentheid ten volle sal gebruik.**

# STUDENTEDIENS

**Dit is verblydend om te sien dat daar nou daadwerklik gewerk word aan voordele vir studente. Dit is 'n behoefte wat lank reeds op die Puk-kampus bestaan. Ons hoop dat die beplande studentediens reeds vroeg volgende jaar gerealiseer sal word. Sterkte vir die mense wat so hard daaraan werk.**

# VAKANSIE

**Aan die einde van elke jaar is daar gewoonlik heelwat studente-toere. Die toerlede sal outomaties ook ambassadeurs van die PUK wees. Die Wapad wil almal van hulle alle sterkte en voorspoed toewens. Ons doen 'n beroep op julle om altyd verantwoordelik op te tree. Alle ander PUKKE wat nie gaan toer nie. Reis versigtig en geniet die vakansie.**

# WAT IS . . .

Dis eksamen. Dis 'n tyd van rekenskap.

'n Tyd waarin mens na jouself kyk. En besef: ek het in menige opsig te kort geskiet. As student. En dis wat ek en jou nou is – studente.

Wat het geword van goeie voornemens? Hoe dikwels het ons dag vir dag klasgedraf, net maar omdat ons moes? Hoe baie het ons in hierdie jaar gekla? Oor die akademie. Hoe min het ons gedoen!

Die akademiese situasie op die Puk is benard en absurd – my woorde. Maar my eie akademiese situasie – die laat veel te wense oor.

Toegegee, gemeet aan algemene standaarde het baie van ons seker nie sleg gevaar nie, sal dit self met ons goed gaan in die eksamen. En dan sal ons rustig besluit: Ek het mos daarvoor gewerk, ek het dit mos verdien!

Ja, baie van ons se punte sal seker redelik bevredigend wees, en ons sal onsself op die skouer klop, en nederig glimlag oor ons ouers se blydskap.

Ons sal volgende jaar terug kom – dis mos ons reg – weer begin swôt, weer begin kla en kritiseer.

Dosente is tog 'n heerlike bron van bespreking! As ek my soms distansieer en net luister, moet ek my daarvoor verwonder dat so 'n groep uitstekende studente opgeskeep moet sit met so 'n klomp swak dosente. Werklik, die regering of die rektor behoort iets aan die saak te doen.

Dosente-werklik, as hulle net meer begrip gehad het vir ons studente, as hulle net meer geïnteresseerd was in ons aktiwiteite, as hulle net geweet het wat gaan aan in die studentelewe, dan sou hulle ook meer simpatie met ons gehad het.

As die dosente net wou besef dat ons ook mense is.

Óók mense – miskien is ons hier by die kruks van die situasie. Ons is ook mense, nie net studente in die sin dat ons dié einde van die jaar moet deurkom nie.

Ons is ook mense as ons teenoor ons dosente staan. En raai, die meeste van hulle is mos ook mense, of so sê hulle!

Hoe selde maak ek met 'n dosent 'n saak persoonlik uit, stel ek eerlik en reguit my probleem aan hom, volg ek die weg van Mattheus 18 met hom, my mede-mens?

Dis natuurlik makliker om my saak aan tafel, teenoor my maats te stel. Dit klink dan ook soveel meer oortuigend – en kan ek opgewonde raak! Buitendien is die betrokke dosent dan ook nie teenwoordig nie om my te weerspreek, of om van my motivering te eis nie.

Voorwaar, die adademiese situasie is benewel – en dit deur my toedoen.

En dan word dit eksamen. Dan word swot ons vernaamste tydverdryf, eis dit ons ganse lewe op. Of so nie leef ons in sulke sarsies. Sluit ons onsself vir dae in ons kamers toe, swot, swot, swot, gaan skryf, kom terug en breek heeltemal uit – en begin dan weer voor: swot onophoudelik, gaan skryf, breek uit, lewe.

Dit word 'n kringloop: swot; skryf, uitbreek; swot, skryf, uitbreek. Is ek 'n mens of 'n masjien? Is ek die baas of die slagoffer van my situasie?

As ons partykeer, terwyl ons deur die jaar gelewe het, tyd gemaak het om te swot, het ons nou, terwyl ons moet swot, ook tyd gehad om te lewe.

En tog, dit hoef nie so te wees nie. Ek lewe, my lewe het nuut geword; en dit gelukkig nie as gevolg van die feit dat ek deur die jaar my plig getrou gedoen het nie. Ook nou terwyl ek eksamen skryf, kan ek dit weet: ek is vry. Ek heers. Ek kan die tyd uitkoop. Hard werk, my beste lewer. En mens bly. Veral mede-mens bly.

En ek kan bid. Eintlik bid ek mos nie vir eksamens nie – ek werk daarvoor. Maar ek moet bid – en ek mag bid. Ek gaan kyk net 'n slag buite. Weet jy, dis die mooiste tyd van die jaar en ons wens dit om!

Hoor jy die paddas in die aand as jy moet swot? Gaan stap 'n slag in Tomstraat voor jy 'n vraestel moet skryf. En as jy besig is om 'n vraestel te skryf, hou 'n oomblik op – en jy sal 'n tortelduif hoor.

En onthou om dankie te se vir die eksamen tyd!

## Wapad Redaksie

HOOFREDAKTEUR: Frikkie Odendaal; Makouvlei 22229/23654
ASSISTENT HOOFREDAKTEUR: Jan Kroeze; Klooster 3468/22151/22246
REDAKTEUR RADE EN INTER-UNIVERSITÊR: Richard du Rand; Dorp 6038
NUUSREDAKTEUR: Jaco Pretorius; Hombré, 7996/23915
REDAKTEUR MANSKOSHUISE: Lourens du Toit; Caput 22371/3375/3376
REDAKTRISE DAMESKOSHUISE: Diana Roestor; Vergeet-my-nie 5511/5512
SPORTREDAKTEUR: Nico van der Westhuizen; Hombré 7996/23915
SPORTREDAKTRISE: Lolla Claasen; Dorp 6017
DAMESBLADREDAKTRISE: Leenster Pasch; Vergeet-my-nie 5511/5512
KUNSREDAKTRISE: Millie d'Assonville; Dorp 6574
TEGNIESE REDAKTEUR: Christo Dippenaar; Caput 22371/3375/3376
REDAKTEUR VAALDRIEHOEK: Vakant
FOTOREDAKTEUR: Jaco Pretorius; Hombré 7996/23915
SEKRETARESSE: Marlian Kritzinger; Vergeet-my-nie 5511/5512
PENNINGMEESTER: Paul Slot; Dorp 23429
SPOTPRENTE: Mynderd Vosloo; Caput 22371/3375/3376
ADVERTENSIEBESTUURDER: Jurjen Suurd; Liberalia 22129

**UIT NO. 13**

**Johan van Dorp. Ons kan ongelukkig nie jou brief plaas nie. Jy moet asb. jou volle naam en adres aan Die Wapad stuur voordat ons die brief kan plaas.**

**Lesers moet daarop let dat hulle wel onder 'n skuilnaam mag skryf. Hulle moet egter ook asseblief hulle volle naam en adres verskaf. Ons waardeer u samewerking. – (Red).**

## Februarie tot Augustus in U Lig?

Meneer die Redakteur,

Ek dink dit het tyd geword dat ons hier op Puk kyk na die tyd wat verloop tussen ontheffing in Februarie en die finale ontheffing net voor of net na intervarsity.

Soos algemeen bekend, staan die eerstejaars in daardie tyd onder spesiale reëls wat hoofsaaklik daar is vir die gerief van die seniors. Tot hierdie gevolgtrekking kom ek nadat ek argumente daarvoor en daarteen goed teen mekaar opgeweeg het:

**Opvoedingstaak**

Die vernaamste argument daarvoor, is dat die eerstejaars deur volgehoue druk voorberei word vir die lewe wat sou volg. Dit is dus 'n soort opvoedingstaak wat in die hande van die seniors geplaas word, en waarvna die oorgrote meerderheid nie 'n kat se kans het om dit **reg** te hanteer nie.

Die klem word myns insiens hier nie op die regte plek geplaas nie. Die hoofdoel is tog om ons akademies voor te berei vir die latere lewe. Hoekom word die druk dan nie uitgeoefen op akademiese gebied nie? Dit sal dan terselfdertyd die universiteit se akademiese standaard verbeter.

Verder dink ek dat die opvoedingstaak wat sommige dink hulle het, regtig vergesog is. Dit kom op dieselfde neer dat daar van my verwag word om my boetie in Matriek 'n opvoeding te gee. En dan is die een wat opgevoed moet word, soms tot byna 3 jaar ouer as die opvoeder!

**Respek**

Daar bestaan ook dié manne (en dames) wat glo dat respek **afgedwing** moet word en – basta met die res! Dit geskied deur die aanspreekvorme en vele ander maatreëls, waarvan sommige nogal 'n harde stem nodig het om deur te voer.

Wat die mense vergeet, is dat hulle deur wedersydse respek tien maal meer sal bereik as wat nou die geval is. Repek kan mos nie net van een kant af kom nie. As daar gedurig op hom geskree word, en hy aand vir aand dronk seniors in die bed moet sit, is dit mos heeltemal natuurlik dat die eerstejaar sy respek vir daardie senior heeltemal sal verloor. Dit kom baie duidelik te voorskyn na die tweede ontheffing wanneer die senior nie meer op sy senioriteit **kan terugval nie.**

**Tradisionalisme**

Die derde groep glo dat hulle die eerstejaars moet laat „aftjop", want húlle het in húlle eerstejaar „afgetjop". Hulle wil dus dat 'n mens al die tradidies wat van ons volk se ontstaan af dateer, moet behou, al is hulle dan ook lankal uitgedien. Ons moet onthou, ons is veronderstel om in 'n beskaafde eeu te lewe en sulke kleinlike en soms barbaarse optredes pas beslis nie by die tyd waarin ons leef nie.

**Draadsitters**

Verder is daar ook die groep wat nou nie juis mooi weet nie en ook nou nie juis die persoonlikheid en insig het om standpunt in te neem nie. Hulle beland egter in enige van die drie groepe en hang dan húlle standpunte aan. Beweeg hy soms effens uit daardie groep, is hy nogal gematigd, maar sodra hy besef wat hy doen, is hy weer baie vinnig terug in daardie groep van hom.

**Pligte**

Die meeste van die vier groepe se optredes stem nogal ooreen, alhoewel hulle motivering, soos reeds gesien, verskillend is. Voorbeelde hiervan is die take wat die eerstejaars moet verrig, soos om enige tyd van die dag beskikbaar te wees as die senior dalk koffie of tee nodig het. Dit is tog wit slawerny en om só iets in die twintigste eeu aan te tref, is heeltemal ondenkbaar.

Wat telefoondiens ens. betref, stem ek saam dat die eerstejaars dit moet doen.

Nou bestaan die argument dat daar niks van die dienste sal kom as al die reëls afgeskaf word nie, maar dit is waar die HK na vore kom. Die HK se pligte is werklikwaar nie so menigvuldig dat elkeen van hulle nie 'n paar maal per dag kan nagaan of die eerstejaar wel die diens doen nie – en indien nie, hom dan deur 'n konsekwente optrede wat op die oomblik byna nie bestaan nie, te straf.

**Doel?**

Die mense is baie geneig om die maatreëls te vergelyk met dié van die weermag. Dit kan ';n mens nie doen nie, want die weermag het 'n spesifieke doel wat hulle nastreef. Die eerste twee weke oriëntering het ook 'n doel, daarom gaan ek akkoord daarmee. Maar wat daarná gebeur, is heeltemal sonder doel en as ek so ver mag gaan, ook teen die Skrif, soos Gal 5:22 duidelik sê: „Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing".

Februarie – Augustus, in U lig?

**Anti-diskriminasie**

## HOE DAN NOU IKEYS?

Geagte Redakteur

Die geval Biko. Was al die ongunstige publisiteit werklik nodig? Laat ons nie doekies omdraai nie – die Ikeys is besig om met vuur te speel en dit gaan hulle suur bekom. Hoe kan hulle die staat verantwoordelik hou vir Biko se dood? Wat het hulle probeer bereik deur 'n versoekskrif na adv. John Vorster te stuur?

Wat wil die Ikeys hierdeur bereik? Bejammering? Is Suid-Afrika nie ook hulle land nie? Wil dié 2000 ook vlug sodra hulle Suid-Afrika tot hul voordeel gebruik het? As dit hulle oogmerk is om Suid Afrika om te krap, het ek raad vir hulle – pak julle goedjies en gee pad uit hierdie geliefde land van ons. Gaan lewe in Nederland soos julle hier gelewe het!

Ek het 'n sterk afkeur in hulle onverantwoordelike optrede en dit is 'n betreurenswaardige feit dat hulle ook Suid-Afrikaners genoem word!

As hulle na raad wil luister: Probeer eerder om positief oor 'n saak te redeneer en moenie agter die groep aanhardloop nie. Probeer jouself wees en bewys jouself. Deur hierdie onsinnige daad het hulle die minagting van medestudente op die hals gehaal.

As jy Suid-Afrika liefhet en realisties en nugter teenoor ons probleme staan, dan moet jy meer verantwoordelik kan optree. En na aanleiding van hulle gedrag twyfel ek of hulle oor hierdie basiese eienskappe beskik.

Ons hele politieke opset is in 'n moeilike oorgangsfase wat beslis nie vergemaklik word deur hierdie optrede van die Ikeys nie.

Dit is 'n jammerte dat alle Ikeys deur dié optrede geraak word en ons vertrou dat die swyende meerderheid sal opstaan, en ook hul stem sal laat hoor, soos die Witsies met hulle „Modern Conservative Student Movement"

**R.P. du Rand**

## Dorp verdeling 1978

Geagte Redakteur

Dit het onder die aandag van die HK van Villagers gekom dat daar weinig studente tans in dié gebied van Dorp is wat sekerheid het oor die presiese nuwe verdeling in drie koshuise en hoe die afsonderlike koshuise gaan funksioneer.

Vergun my dus die geleentheid om die saak te verduidelik. Die hoofdoel van die nuwe verdeling is om die dagstudente beter te organiseer en dus sodoende meer te betrek by studente aksies waarvan hulle in die verlede maar bloedweinig gehad het.

Die hele Dorp-gebied is as volg verdeel: oos van die spoorlyn, suid van Von Willighstraat en oos van Kerkstraat staan in die vervolg bekend as VILLAGERS. Wes van die spoorlyn, noord van Von Willighstraat en oos van Kerkstraat – dit is, die hele Bult-gebied – word MAJUBA. Dan word die gebied suid van Kerkstraat en die hele Baillie Park, sover bekend, BAILLIE PARK.

Elke koshuis het volle koshuisstatus en regte op elke gebied, net soos in die geval van ander manskoshuise op die Puk. Wat oriëntering, sport, sosiaal en alle ander terreine betref, funksioneer elke koshuis heeltemal onafhanklik. Dit kom dus daarop neer dat MAJUBA geensins meer aanvaarbaar is vir VILLAGERS as bv. Klooster of enige ander manskoshuis nie.

Dagstudente, ons het al 'n ver paadjie geloop. Sedert die weeskinddae van die Dagstudente Vereniging kan ons onsself nou seker vir die eerste maal volwaardige PUKKE begin noem. Onthou net dat dit 'n groot projek met baie moontlikhede is, maar die sukses daarvan hang van elkeen van julle af.

Villagers groet julle!

**Johann Blignaut**
**HK Villagers**

## Differensiasie versus Diskriminasie


Die Redakteur

Hiermee wil ek beswaar aanteken teen 'n berig in die vorige Wapad. Ek neem aan dat die berig 'n feitlik-getroue weergawe van mnr. Dawie de Villiers se toespraak is. In die berig, „Springbokkaptein sluit jaar af", word in die tweede-laaste paragraaf gestel: „Diskriminasie is geregverdig indien dit tot gevolg het dat die identiteit en selfregeringsvermoë nie geskaad word nie". Die probleem is dat die woord **diskriminasie** verkeerd gebruik word.

Alhoewel die woord etimologies nie 'n negatiewe betekenis het nie, maar slegs beteken om te skei, te onderskei of te differensieer, het die betekenis in die moderne tale vereng. Onder diskriminasie word verstaan **die onderskeid tussen persone of groepe by behandeling, maar dan veral met 'n nadelige en onbillike karakter; onderskeid wat ten koste van ander is.**

As ons vir die Suid-Afrikaanse situasie eerder die woord **differensiasie** sal gebruik, sal ons heelwat negatiewe kritiek van buite kan uitsny. Om egter die term diskriminasie te gebruik, en dan nog te sê dat dit geregverdig kan wees, is om water op ons vyande se meul te gooi.

**JAKRO**




**BAM SE MEUBELS**

**INDIËR WINKELSENTRUM 53**
**TEL 8103**

Elektriese Braaipanne (Pineware) **R29,95**
Arcoroc Gekleurde koppies en Pierings **R4,95 vir 6**
Matrasse en Meubels teen lae pryse!
Potte teen spesiale pryse

**SPESIAAL**
Colbri Lakens – Dubbelbed **R12,95 per paar**
Colbri Badhanddoeke **R3,99**
Novilon **R6,99 per meter**

**CARMAN KRULLERS IS R18 VIR ELF**




**Die P.U.-Koor het in 1977 'n baie suksesvolle jaar van werksaamhede beleef. Die toer deur Transvaal gedurende die Junie-Julievakansie was vir die koor 'n belewenis en duidelik was die program van optrede ook 'n belewenis vir elkeen wat die koor se konserte bygewoon het.**

Die toerprogram was soos volg: Vereeniging, Springs, Bethal, Piet Retief, Badplaas, Nelspruit, Hazyview, Minoutsapark (Strijdomtonnel), Pietersburg, Potgietersrus, Marble Hall, Pretoria, Rustenburg en Carletonville.

Die koor is oral baie hartlik ontvang en op Springs het die koor 'n onthaaltjie wat deur 'n oud-Puk gereël is, baie geniet. 'n Wonderlike Puk-gees het dié aand geheers. Daar is oor en weer geskerts en koordames het jare oue (maar nie vergete!) doreliedere te voorskyn laat kom! Soos dit duidelik blyk, het die koor nie net opgetree voor gehore nie. 'n Heerlike dag van ontspanning is op Badplaas deurgebring en die koor het deeglik gebruik gemaak van die warmwaterswembad. Die dag by Hazyview was weer 'n uitputtende, maar tog wonderlike dag wat elkeen sal onthou. Die Loerievoetpad in die berge by Sabie tussen die bosse en plantasies dennebome en met 'n pragtige waterval het vir 'n onvergeetlike ondervinding gesorg.

Iets wat die toer baie aangenaam gemaak het, is die feit dat die roete langs sulke pragtige natuurtonele en omgewings soos Nelspruit, die Kolkgate, Blyderivier, Tzaneen, Magoebaskloof en vele ander geloop het. Wat die koor natuurlik verder baie waardeer het, is dat heelwat warmer omgewings gedurende die winter besoek is.

Die toer het baie voorspoedig verloop; tog was daar die eerste aand op Vereeniging 'n voorvalletjie wat nogal lagwekkend was! Ewe plegtig word daar op die verhoog die eerste aand van die toer opgestap en toe die eerste paar voete die laaste koorbankie betree, besluit dese dat hy kop tussen die bene trek en vou netjies inmekaar! Gelukkig het niemand geval nie en het die program verder voorspoedig verloop.

Die koor het ook voor verskeie skole opgetree en die kinders het dit baie geniet. Die koor het sy standaard algaande verhoog en waardevolle afrondingswerk kon gedoen word. Oral is die program en gehalte koorsang groot lof toegeswaai. Verskeie moeilike werke is ook deeglik onder die knie gekry sodat die na-toerse optredes op Potchefstroom self net die beste gekry het.

Een ding is seker: al die dorpe waar die koor opgetree het en die mense wat die koor ondersteun het, sal die koor nie vergeet nie. Elke koorlid sal die toer ook nie vergeet nie.

Die vier optredes in Potch gedurende Augustus was 'n reuse sukses; dit was veral inspirerend om voor vol sale op te tree en daarom het die koor ook sy heel beste voorgehaal. Te oordeel aan 'n onlangse resensie was die kwaliteit van die sang baie hoog en het die gehore die deurleefde sang baie geniet. Dit was vir die koor 'n groot jaar en dit is heel gepas afgesluit met 'n televisie-opname vir die program "Met Woord en Lied" vir 29 Januarie 1978. Dit was 'n groot ondervinding en voorreg wat die koor kon benut. Die koor beplan groot dinge vir 1978. Die oudisies vir die keuring van koorlede vind van 16 tot 21 Februarie 1978 in Klawerhof se ontspanningskamer plaas. 'n Kamp ter instudering van die musiek word net na die week van die oudisies beplan.

Na alles kan die koor as deel van die P.U. vir C.H.O net dankbaar wees vir die wonderlike geleenthede wat vanjaar aan hom gebied is. Ons kan God loof en dank vir die talente wat Hy aan elke koorlid gegee het en vir die voorreg om in dankbaarheid tot Sy eer te kon sing.

**Christof van Vuuren**

# DIE BESEMBOS VERSKYN REEDS VOLGENDE WEEK!

Wanneer die kampusfees Maandagmiddag sy hoogtepunt bereik, sal daarmee ook hierdie jaar se BESEMBOS bekendgestel word. Dit sal onder andere deur 'n oorhandiging deur die leidster van die Pukkies aan die eggenote van die Rektor, mev. Babie van der Walt, geskied.

Nadat verlede jaar oneindige probleme met die druk van die Besembos van 1976 ondervind is en dit eers laat in Februarie 1977 verskyn het, is besluit om hierdie jaar 'n groot poging aan te wend om dit reeds vóór bloktyd te laat verskyn. En siedaar! Van Dinsdag af kan PUKKE DIE BESEMBOS by die SSR-kantoor of Administrasie koop.

Daar is nog ander groot nuus hieraan verbonde: Ten spyte van inflasie, prysstygings en ander gediertes, is die prys van die BESEMBOS LAER AS VERLEDE JAAR! Waar Pukke toe R3,00 uit die sak moes haal, is die prys nou slegs R2,50.

Vir hierdie R2,50 kry die koper 'n hardebandboek met 'n volkleur buiteblad, volop kleurfoto's van die jaar se aksies, 'n volledige dekking van die studentelewe en 'n paar goeie, leesbare artikels oor aktuele onderwerpe op die koop toe!

Daar is slegs 'n beperkte oplaag gedruk ('n duisend minder as verlede jaar). Voorkom dus teleurstelling en kom koop goú joú BESEMBOS!

# Die Geskiedenis-vereniging leef

**Die jaar se verrigtinge is begin met 'n braaivleis wat 'n uiters suksesvolle jaar vir die nuut gestig GESKIEDENISVERENIGING ingelui het. Die Geskiedenisvereniging is die einde van 19 herstig nadat dit doodgeloop het – iets wat nie nou gou weer in die vooruitsig gestel word nie**

Hierdie jaar is net een toer onderneem. Een gróót en geslaagde toer. Dit was die Kaapse-draai-toer wat in Junie plaasgevind het onder die knap leiding van dr. Piet van der Schyff. Die toer het helaas nie net uit museums en monumente bestaan nie, want in die aande was hulle baie beslis nie oop nie! Ons het dit baie gelukkig getref om 'n "mooiweer en warm" dag vir ons besoek aan Tafelberg te hê en 'n "koue weer met reën" vir ons besoek aan die K.W.V. Verder is alles met geskiedkundige waarde in die Kaap en omgewing gesien. Studentwees is ten volle uitgeleef en die Puk se groot naam is in elke besoekersboek hoog opgeskryf.

Die verrigtinge van die jaar is afgesluit met 'n reüni waar al die fotos en skyfie uitgehaal en mee gespog is.

Die Geskiedenisvereniging beoog om volgende jaa meer eerstejaars en senior te betrek by sy aktiwiteite. Daar word weer 'n toer n die Kaap in die vooruits gestel, sowel 'n groot feest toer Natal toe, asook kleiner een Pretoria toe.



# Soetdorings neem afskeid

**Die laaste jaar en ook die grootste jaar van Soetdorings snel ten einde. Baie is gedoen in die 5 jaar van ons bestaan waarvoor ons baie dankbaar kan wees. Daar was ook hoogtepunte waarop ons trots kan wees, veral as ons kyk na die 100% akademiese slaagpersentasie van verlede jaar.**

Hier heers 'n stil rustige atmosfeer in die koshuis, totdat die karnavalgees, Intervarsity en koshuisaksies in die lug is. Dan is die Soetdoringdames onkeerbaar. Selfs die rooi japon kan maak en breek soos sy wil – niks kan ons keer nie!

Ons het saam met die kleinste manskoshuis (Uitspan) vlot gebou en saam vorm ons 'n span waarmee sowaar rekening gehou moet word. Ons is trots dat ons saam met die Uitspanners kon werk. Hulle is die bakste manskoshuis en ons dan natuurlik die bakste dameskoshuis. Intussen het daar stilletjies sleepaksies ontstaan. Marietjie en Wietsche byt nou nog vas, en Tommy het glads al aansoek gedoen vir losies hier in Soetdorings net om by Helein te wees. Die Soetdoringdames sal die Uitspanners nooit vergeet nie.

Dit het 'n jaarlikse tradisie geword om karnavaltyd 'n geveg met Klooster te hê. Hierdie jaar het die troepe van Soetdorings sonder een bang haar Klooster lag-lag gaan aanval. Die rampkampmanne het ons natuurlik bygestaan. Ons is almal gevang, maar dit was teleurstellend! en ons het baie meer verwag as net gom en verf aan ons hare en klere. Ook is die aanvalsplan baie goed beplan. Ons het dit nogtans gewaag, afgesien van die verspieders wat voor die koshuis moes wag staan. Tussendeur het Tiela en Riet toe uiteindelik na al die gevegte verloof geraak. De Wet en Anne-Marie se „kys" het hul hoogtepunt bereik na dié aanval. Marie en Pieter het toe ook mooitjies afgehaak. Wat Klooster volgende jaar gaan doen, weet ons nie? Maar ons het seker gemaak dat hul Soetdorings en die dames nooit sal vergeet nie!

Die verkiesing van mej. Soetdoring is in ons koshuis gehou en die beoordelaresse was 'n paar dames van Dennepark. Die aand is ingewy deur 'n modeparade – vier van ons eie modelle. Toe het die groot pronk begin en na vele beraadslaging is die keuse gedoen. Marietjie Brits is mej. Soetdorings en haar 3 prinsesse, Augusta van Huyssteen, Louise Herbst en Antoinette Flemming. 'n Braaivleis is saam met Uitspan gehou en 4 van hul mans het die eer gehad om langs 'n Mej. Soetdorings en 'n prinses te sit.

In die 5 jaar wat Soetdorings bestaan het, het ons hierdie jaar die hoogtepunt bereik wat Hokkie betref. Dit is te danke aan die positiewe houding en samewerking van die Dames onder leiding van Teresa. In die 2de liga het ons 2de gekom met 18 doele, en in die religasieliga derde met 17 doele. Met hierdie prestasie kon ons deelneem aan Intervarsity. Die hokkie is afgesluit met 'n feestelike vleisbraai.

Twee van ons dames het vanjaar aan Thalia deel gehad. Anastasia Coutsoulis wat dik stukke met Riaan sleep was die assistent-regisseuse en Antoinette Flemming het die rol van Janie Euvrard vertolk. Tertia van Oostrum tree al vir haar derde jaar op in Alabama. Ook op hierdie gebiede het ons Soetdoringsdames uitgeblink.

Vir alles wat in hierdie jare van Soetdorings se bestaan gebeur het, kan ons slegs ons Hemelse Vader dank en hoop en bid dat Hy ons ook so verder in die toekoms sal lei.

# Feeste by Karlien

**Alle Karlientjies, klap julle handjies . . . Daar's 'n GROOT FEES!**

Ja-nee, dit staan mos weer einde van die jaar se kant toe en dit raak weer tyd vir afsluitingsfunksies en groot eet. Dit was nou Dinsdag, 27 September. Mense, as julle al ooit van 'n groot fees gehoor het, hier's hy.

Almal het gesellig om die kospotte vergaar en dûk vriende geraak. Die danseriges het vir oulaas hulle frustrasies op die dansbaan gaan uithuppel en trap terwyl die ander nie-ligvoetiges 'n spesiale opvoering van die Departement Spraakleer en Drama in ons eie sitkamer geniet het. Iets soos die Chelsea restaurant in Johannesburg, waar almal 'n ietsie te ete geniet terwyl die kunstenaars hulle op die verhoog, of sommer tussen die tafeltjies deur, vermaak – om 'n man te lawe, want die handegeklap put 'n mens mos uit.

As 'n mens aan die bedrywighede van die voorbereidings die afgelope drie weke kan oordeel, kan met reg gesê word dat die harde werk die moeite werd was. Julle moet darem onthou dis ons nuwe HK se debuut, en boeta, gewoonlik sê dit mos genoeg. Die besem is mos nog nuut! Dit was nou voorwaar 'n lekker ontspanaand vir oulaas vóór die groot bloedsweet en spykers kou.

Die geman-skietery vir so 'n funksie is altyd skreeusnaaks. Daardie bedrywigheid en sêgoed in die koshuis is iets om te beleef. Die manne pronk ook natuurlik op die kampus rond en die een wil sorg dat sy tande blinker gepoets is as sy buurman s'n sodat buurman nie eerder as hy vir die uithangaand nadergehark word nie! En uithang geleentheid was dit. Die asters het nou voorwaar van skoen se punt tot vingernael en oogwimper in nuwe vere die manne se harte laat week word.

Ja-nee, die nuwe HK het beslis gewys wat daar in hulle steek. Ons sê dankie vir die funksie. Hiermee wil Karlien dan ook vir die HK van 1977 dankie sê vir die afgelope jaar se harde werk, die hard praat soms en die toewyding.

Die koshuis het 'n merkbare verandering beleef in die meer positiewe gees en ook in konkrete dinge soos die koshuis se voorkoms. 'n Mens kon die vasvat-hand oral sien.

'n Koshuis se gesindheid hang grootliks van sy HK af. Ons het julle toegewydheid gesien en dit het subtiel tot elke individu deurgesuur.

Vir die klomp van 1978, ons vertroue en steun is by julle. 'n Stewige fondament is vir julle nagelaat. Bou daarop, met die regte benadering en begeestering het julle ons steun en samewerking. Ons het reeds gesien dat dit nie vir julle so moeilik is om die goeie werk van dié van 1977 te hervat en selfs daarop te verbeter nie.

Karlien sê dankie, sterkte en geluk.

# Uitspan! Groot dinge van hierdie jaar

**Dis alweer byna eksamen en die bewoners van die koninkryk van die Rooi Beer begin die drukkende skoen van die akademie nou sterk voel.**

Die afgelope jaar was besonder „vrugtig" in die Rooi Beer se vesting! Veral die laaste ruk was daar 'n paar opspraakwekkende dinge wat deurgevoer is. In hierdie verband dink ons aan „Stalnuus" wat so pas weer sy verskyning gemaak het. 'n Puik stuk werk, waaraan al die inwoners van die koninkryk mooi saamgewerk het. Die Uitspan-sakwapen het ook sy verskyning gemaak. 'n Hele aantal van hierdie pragtige sakwapens pryk reeds op die kampus! Soos alle oplettende mense behoort te weet, is die koninkryk van die Rooi Beer volgende jaar presies 30 jaar oud! Groot feeste is in die lug! Al wat oud-Uitspanner is, sal sekerlik sy uitnodiging ontvang!

Die sportbedrywighede in ons geliefde koninkryk het op hierdie laat stadium van die wedstryd nog nie verflou nie. Al ons simpatie aan veral Overs, wat een sonnige middag hul vernuf op die „volley-ball"-baan in ons koninkryk kom toets het. Hulle het bedroë daarvan afgekom en is soos gewoonlik met die kous oor die kop terug. Karlien het probeer om hul netbal op te knap, maar moes ook die knie voor die Rooi Beer buig!

Ag, om nie eens van die sewe-man rugby te praat nie! Hier wil ons aan al ons slagoffers sê: „Jammer kêrels, probeer volgende jaar weer!" Dit lyk my dat Drakenstein eers laat wakker geskrik het. Ons het grotes soos Hombré, Dawie Dup en Overs gevou. Die ongeluk het ons egter gery teen Caput, en ons was net ongelukkig om teen hulle te verloor.

Gedurende hierdie tyd is daar egter ook verkiesing in die koninkryk van die Rooi Beer gehou. Een sonnige Dinsdagaand het ons mos die nuwe H.K. gekies. Ou Walter en Piet was die „gelukkige" slagoffers van 22 ander Bere. Hulle is volgende jaar die Rooi Bere se Pa en Ouboet. Op egte Rooi Beer wyse is hulle geluk gewens en na die gebruiklike swemoefening in Oom Bossie se dam het almal ewe rustig die geleentheid gevier. Willie, die Oupa van die Bere, moes ook swem, want sien, hy het 'n besondere tegniek en het puik talent.

Ou Fanie was mos in die vloot! Hy oefen deesdae laat in die nag met sy duikboot in Oom Bossie se dam. Dit is om te sien of sy periskoop nog werk. Hierna spioeneer hy met sy nagverkyker op die ander Bere.

Dan wil ek ten slotte net aan al julle Bere sê: „Kêrels, gryp die akademie bul aan die horings en druk sy kop in die modder. Laat ons dan die laaste 100 meter van ons wedloop met vrug voltooi en volgende jaar weer na hierdie lieflike „Voedselwoning" terugkeer.

**Boodskap**

Die jaar 1977 kan in vele opsigte as vrugbaar beskou word. Na buite op die terrein van die studentelewe het die Rooi Bere sy merk gemaak. Intern het die manne ook steeds waak gehou oor die koshuis se tradisies en gewoontes.

In die veranderde wêreld waarin ons leef het Uitspan met die goeie samewerking van almal tog daarin geslaag om heel anderkant uit te kom, met sy tradisie stewig onder die blad!

Ek wil dan ook hiermee aan al die manne in Uitspan, wat hierdie jaar hard geywer het, dankie sê vir die uitmuntende wyse waarop hul die koshuis gedien het.

Heil die Rooi Beer!

**Willem Lemmer**

# KLAWERHOF

**Koshuisdinee's is dié tyd van die jaar aan die orde van die dag en ook by Klawerhof is die voorbereidings in volle swang.**

Daarom het ons puik span eerstejaars nie op hulle laat wag om Tegnies te hulp te kom en die nuwe grasperk se bossies uit te trek nie: 'n Skemerkelkie op 'n fyn grasperk sal waarskynlik beter tot die aand se atmosfeer bydra, as wat die geval tussen die weelderige kakiebos sou wees.

In dié proses het die klompie hulself 'n modderbad of twee op die lyf geloop. Die harde werk was egter nie tevergeefs nie en hulle is met 'n laataand beloon!

Ongelukkig is die geesdriftige eerstejaars se poging om hulle studietydperk so aangenaam moontlik te maak, in die wiele gery. Hoëre gesag moes die blink idee van 'n swembad in die vierkant afkeur. Maar moet hulle nie onderskat nie, kort voor lank sal hulle wel weer met 'n nuwe idee vorendag kom!

# KLOOSTER KASKENADES

**Die tuiste van die pikkewyn beleef op die oomblik 'n ongekende akademiese koors. As die manne in die môre met vaal, verwese uitdrukkings by die eetsaal aankom, weet jy sommer, daardie ou het nie die voorreg gehad om sy bed te gebruik nie. Elke tafel en stoel is bedek met papiere en Semiete en Grieke hardloop ylings rond op soek na verlore tablette.**

Maar dit is ook die tyd waarin heerlike studentepret hoogty vier. Corrie, manne wat lang kerse brand, het soms die begeerte om motors in ongemaklike klein plekkies in te druk. Dit mag dalk dieselfde bende wees wat paddas 'n vrye verblyf in jou skoon lakens gee. Ook kan dit hulle wees wat in die vroeë oggendure jou wakkermaak, 'n gehoorbuis in die hand prop en jou, in jou benewelde toestand, oortuig dat jou ma op die lyn is. Skreeusnaakse frases soos die volgende, het al voorgekom: „Goeie môre, Bruwer van Klooster hier . . ." Kamer 40 is natuurlik skitterend verteenwoordig by sulke aksies.

Wat 'n merkwaardige demonstrasie van Kloostergees was Woensdag se atletiek nie. Gys, ons het nie geweet jy het sulke verborge talente nie! Kom pikkewyne, as elkeen sy deeltjie gee, kan ons wen. Voluit vir Klooster!

Voorspoed en sterkte vir die eksamen.

Hartlike pikkewyn-Groete.

# Help diewe vind

**Dit gebeur dikwels dat studente se besittings wegraak. Sekuriteitsdienste poog om verlore goedere terug te vind. Om goed te funksioneer, moet die Departement Sekuriteitsdienste volle samewerking van alle studente verkry.**

Studente moet niemand in die versoeking stel nie: hulle moet liefs hulle kaste sluit.

Indien besittings wel wegraak, moet dadelik met die Departement Sekuriteitsdienste kontak gemaak word. Sekuriteitsdienste se kantore is agter Heimat geleë. Spoedige optrede van die studente se kant bevorder die moontlikheid dat die goedere opgespoor word.

Sekuriteitsdienste stel dit baie sterk aan studente dat hulle nie probleme moet probeer oplos deur self alle stappe te doen nie. Om kennisgewings in koshuise of elders op te plak, om afkondigings oor die interkom te maak of van kamer tot kamer te loop, sal niks help nie.

Wanneer 'n saak aan Sekuriteitsdienste gerapporteer word, visenteer hulle so gou as moontlik alle kamers in die koshuis, asook die motors van persone wat verdag voorkom.

Maj. Du Toit, departementshoof van Sekuriteitsdienste, het deur die jare tot die gevolgtrekking gekom dat Woensdae en Donderdae die "wegraakdae" op die PUK is, aangesien dit kort voor die naweek is, wanneer persone die gesteelde ware kan huis toe neem.

Studente moet verder daarop let dat daar baie verlore goedere by hulle is wat nog nie opgeëis is nie.

# VERKEER-INVLOEIBEHEER

**Die verkeers- en sekuriteitsafdelings het onlangs saamgesmelt. Saam staan hulle nou bekend as Sekuriteitsdienste en is onder die leiding van maj. Du Toit. 'n Direkte uitvloeisel hiervan is dat daar in die vervolg sporadies verkeer-invloeibeheer op die kampus toegepas sal word. Studente wat nie parkeerskyfies besit nie, sal dus voorgekeer kan word by die verskillende ingange van die universiteit.**

Die invloeibeheer het 'n tweërlei-doel. Daar word só gepoog om eiendom op die kampus te beveilig. Hiervoor sal 'n doeltreffende patrolleer-stelsel in stand gehou word. Verder wil die departement parkeergeriewe vir almal wat daarop aanspraak maak, daarstel, en tegelykertyd verhoed dat misbruik van die bestaande parkeergeriewe gemaak word.

Parkeerskyfies sal sover moontlik aan almal wat aan die vereistes voldoen, verskaf word. Ook persone met motorfietse moet sulke skyfies bekom.

Op ander universiteite bestaan dié praktyk al lank. Weens die PUK se relatiefiae studentetal was dit tot op hede nie nodig op die kampus nie.

Die versoek is gerig dat alle Pukke wat 'n skyfie benodig, so gou as moontlik een in die hande moet kry. Dit is gratis en kan slegs tot persoonlike voordeel strek. Om nie 'n skyfie te besit nie, kan beteken dat 'n boete opgelê kan word.

# STEEDS MINDER ONGELUKKE EN -ONGEVALLE

**Die Nasionale Verkeersveiligheidsraad berig dat steeds minder ongelukke op S.A. paaie voorkom en dié wat wel voorkom van minder ernstige aard is. Die verklaring is uitgereik na aanleiding van statistieke wat deur die Departement van Statistiek uitgereik is en waarvolgens 30% minder sterftes op plattelandse paaie in die eerste 6 maande van vanjaar voorgekom het as in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar. In die geheel het 21% minder sterfgevalle voorgekom.**

Dr. Ernst A Uken, Direkteur van die N.V.V.R., betwyfel of die redes vir hierdie verblydende verskynsel slegs aan die huidige ekonomiese toestand te danke is. Dit lyk of die publiek geleidelik meer padveiligheidsbewus word. Die feit dat sommige persone sitplekgordels dra het ook 'n uitwerking op die graad van ernstigheid van beserings.

Minder lang ritte word ook onderneem, waardeur bestuurdersvermoeidheid tot 'n groot mate uitgeskakel word.

Die totale aantal ongelukke het in die eerste 6 maande met 5% afgeneem in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk verlede jaar. Op plattelandse paaie is die syfer 13% minder, maar in stedelike gebiede is dit slegs 4% minder. Die afname op veral plattelandse paaie gaan gepaard met 'n opmerklike afplatting in verkeersdigtheid, veral oor naweke wanneer ongelukke gewoonlik teen 'n hoër frekwensie voorgekom het. Die strenger ekonomiese maatreëls het egter beslis 'n uitwerking op verkeersongelukke gehad. Die intensiteit van verkeersongelukke en ongevalle neem steeds af.

Dr. Ulken het gesê dat as sake so kan voortgaan S.A. in 1977 die laagste dodesyfer van die afgelope dekade op ons paaie kan bereik.

# SITPLEKGORDEL -WETGEWING

**Dr. P.J. Rigden, Voorsitter van die Nasionale Verkeersveiligheidsraad, het volgens 'n verklaring wat in Pretoria uitgereik is sy tevredenheid uitgespreek oor die feit dat die verpligte dra van veiligheidsgordels deur al die provinsies aanvaar is.**

Die wetgewing in verband met sitplekgordels behels dat die dra van sodanige gordels verpligtend sal wees vir persone wat op die voorste sitplekke van motorkarre sit wat na 1 Januarie 1965 vir die eerste keer geregistreer is. 'n Kind wat op die voorste sitplek sit sal ook 'n sitplekgordel moet dra, indien daar een beskikbaar is. Indien daar egter gevoel word dat die kind te klein is om vasgegordel te word, moet die kind liewer agter in die motor sit. Die Nasionale Verkeersveiligheidsraad (N.V.V.R.) beveel dit aan.

Die bestuurder van 'n motorvoertuig sal aanspreeklik gehou word indien hy versuim om toe te sien dat 'n persoon onder 14 jaar 'n sitplekgordel dra. Bo 14 jaar is so 'n persoon self aanspreeklik. Verder kan die administrateur van 'n provinsie 'n persoon op mediese grond vrystel om die verpligte dra van veiligheidsgordels.

Voertuie wat volgens huidige wetgewing nie veiligheidsgordels hoef te hê nie, hoef ook nie nou daarvan voorsien te word nie. Voertuie met 'n bak-tipe voorste sitplek hoef nie met 'n derde gordel toegerus te word nie. Voertuie met gewone skootgordels hoef ook nie van driepuntgordels voorsien te word nie, alhoewel dit aanbeveel word. Daar is ook aanbeveel dat 'n datum vasgestel moet word waarvolgens motorvoertuie tot en met 2500 kg. met driepuntgordels toegerus moet word.

# P.U.-Studente besoek ICL-Rekenaarsentrum

**Na-graadse studente van die Departement Bedryfsrekeningkunde aan die P.U. vir C.H.O. het die afgelope paar weke in groepe die Hoofkantoor van International Computers Limited (ICL) in Braamfontein besoek onder leiding van professor A.J.E. Sorgdrager, hoof van die departement Bedryfsrekeningkunde.**

Die doel van die besoek was om praktiese kennis op te doen van moderne tegnologiese rekenaartoerusting wat 'n onderdeel van die leerplan is. Aandag is veral geskenk aan kommersiële bestuursinligtingstelsels.

Praktiese demonstrasies van gebruikerspakkette soos voorraadbeheer, debiteure, verkoopsinligting, krediteure, algemene grootboek vir klein tot mediumgroot handelsondernemings en veral kostebeheer is aangebied. Die studente is ook ingelig omtrent verskillende metodes van data-vaslegging, data-oorplasing, data-transmissie en data-verwerking op die verskillende tipes toerusting wat aanpasbaar is van die een na die ander.

Daar is gepoog om die studente aan soveel moontlik van die wye reeks rekenaartoerusting voor te stel. Daar is veral klem gelê op die klein na mediumgroot rekenaartoerusting en veral op kommersiële toepassings. Die ICL-stelsel met die "STARS" programpakket is bespreek en gedemonstreer, sowel as die 2903/04 reekse. Verdere aandag is geskenk aan die omvattende ICL 1500 en 8900 data-vasleggingsreekse.

Die instrukteur by ICL is mnr. P.A. Claassens, 'n oud-DBA-student van die PU, wat regs agter op die foto verskyn, saam met 'n groep nagraadse studente van die PU.



# EREKLEURE '77

Deur ons Raderedakteur

**Gedurende die SSR-vergadering van 12 September het die studenteraad weer eens besin oor die toekenning van erekleure.**

Om te voorkom dat erekleure "goedkoop" gemaak word, sal streng keuring deur die SSR toegepas word. Die betrokke aanbeveling word deur die SSR bekragtig nadat die betrokke raad waarby die genomineerdes betrokke is daaroor gesit het. Benewens prysenswaardige gedrag is die slaag van bros 'n vereiste.

Op die vergadering is daar besluit om erekleure toe te ken aan die volgende persone vir buitengewone prestasie in hulle onderskeie sportsoorte onder die vaandel van die PUK.

**Toekennings**

Erekleure vir atletiek is toegeken aan mejj. Alta Stander, Estie Robbertse, Wilna Fondse, mnre. Willie Smit, Gert Doorewaard en Hentie Badenhorst.

Die uitblinkers in hokkie wat kleure ontvang het is mejj. Thea Venter, Lena le Roux, Heila van Deventer en Isabel Roodt.

Alta Stander en Gert Doorewaard het albei die onderskeiding behaal deur ook in landloop erekleure te verwerf. Die ander landlopers wat erekleure ontvang het is mejj. Marietjie Barnard, Louise van Biljon, mnre. Nollie Meintjies en Bubé Pienaar.

Mnr. H. Pienaar het vir sy prestasie in judo kleure verwerf.

Manne wat op rugby gebied erkenning gekry het is mnr. Flippie Venter, Theuns Eloff, Johan Strydom, André Markgraaf, Willie Smith, Pan Coetzee en Louw Venter.

Mejj. A. Brewis, D. Dednam, A. van Heerden, A Geyser en mnr. Johan Peyper het erekleure vir gimnastiek ontvang.

# Sportpersoonlikheid van die week




*Foto: Jaco Pretorius*

## Gert Doorewaard

**Uit Swaziland, in die omstreke van een van die hoogste pieke, Pig's Peak, kom ou "Kees".**

Sedert 1974 vermaak die bebaarde Gert Doorewaard die PUK-atletiekskare, alhoewel hy toe nog nie prestasies van só 'n hoë gehalte, soos deesdae, gelewer het nie. Gert het Wes-Transvaal al in junior- en senioratletiek, sowel as in landloop verteenwoordig. Hy het met sy atletiek ook S.A.A.A.U.-kleure op sy kerfstok gekry.

Vanjaar het Gert vir homself in landloop RSA-kleure losgehardloop.

Gert se beste item is die 30 000 meter hindernis en die Suid-Afrikaanse rekord is binne stapafstand. Sy beste tyd vir dié afstand item is 8:35 min. In vergelyking met die huidige Suid-Afrikaanse rekord, nl. 8:29 min. In die 1 500 meter en 5 000 meter is sy beste prestasies onderskeidelik 4:47.2 min en 14:30 min. Op die Suid-Afrikaanse Ope Kampioenskappe het hy die silwer medaljes in die 3 000 m hindernis sowel as die 5 000 m verower.

Namens al die PUKKE - geluk aan jou RSA-kleure en ons weet jy gaan nie jou spoed verstadig op pad na die "volgende trappie" nie. Dis mos nog lank nie klaar met Kees nie!

# HOKKIE SÊ DANKIE

**Ons het 'n toer van agt dae na Oos-Londen onderneem, wat natuurlik meegebring het dat ons gees net van die beste was, met die vanselfsprekende resultate.**

Ons eerste twee spanne het gelyk geeindig in die Wes-Transvaal A-liga. Boonop was die aanbieding van die S.A.U.-toernooi vanjaar die Pukke se voorreg.

Met intervarsity het ons die RAU'tjies op hulle neuse laat kyk. By KOVSIES moes ons egter weer die onderspit delf met 1 - 0, wat vir ons tog in verhouding 'n prestasie was. Ons is baie trots op ons 6 speelsters wat die Wes-Transvaal A-span gehaal het. Hulle is: Sanpat Coetzee (onderkaptein), Mariaan Joubert, Rinza Burger, Lena le Roux, Issabel Roodt, Heila van Deventer.

Ons dank aan almal wat meegehelp het vir die mooi jaar.

# Sportkorrels

deur ons Sportredaktrise

## Ons groet die Sportjaar

**'n Groot geluksê aan al die erekleure-veroweraars.**

Die meeste Pukke sal seker saamstem as ons die rugby-oorwinning teen die KOVSIES bestempel as die hoogtepunt waaraan ons vanjaar se sport in ons geheues wegbêre. Nou lê die kuns vir ons daarin om die soort prestasies te handhaaf.

Almal besef egter dat eise daaraan verbonde, asook die feit dat harde werk, veral gedurende die vakansie, nooit teleurstel nie!

En met die korreltjie groet ons die sportjaar van 1977.

# Hombré wil sy Eer weer herstel

Die voorlopers van die interkoshuisatletiekliga is soos volg:

| | |
|---|---|
| Klooster: | 1 935 |
| Caput: | 1 570 |
| Hombré: | 1 465 |

Die manne van Hombré wil 470 punte verwerf om hul posisie te verbeter in die atletiekliga. Daar word groot planne beraam om die "goud" in Hombré atletiek na vore te bring. Die grootste spanpoging ooit!! Spiesgooi, naelope, verspring, gewigstoot en hoogspring: die punte gaan waai in die items, en Hombré sál sy eer herstel.

„POTCH SPEED DEN"
INDIËR WINKELSENTRUM 26
TEL 4713
SPESIAAL!
FM RADIOS - R19-95




GABRIËL SKOKBREKERS R13,95 ELK
(DIE) GOEDKOOPSTE IN POTCH

NGK INGEVOERDE VONKPROPPE
69c ELK

WYEVELLING WIELE EN ALGEMENE
ONDERDELE

„POWERTHRUST" UITLAATSTELSELS
vir alle motors min 30% afslag.



ONTHOU!
ONS IS OOP
TUSSEN 1 en 2

HAROLD'S
AUTO SERVICE
STATION
(PTY) LTD

U VOLKSWAGEN
HANDELAAR

KERKSTRAAT 220
TEL. 4261, POTCHEFSTROOM